**25 Januarie 2026**

**Oggend diens**

**Sing:** Ps. 47:1,4; Ps. 99:3; Ps. 135:3,5; Ps. 73:1,10; Ps. 48:4,5.

**Lees:** Eks 3:11-15

**Teks:** Eks. 3:14

**Tema: Die Here maak Homself aan ons bekend sodat ons gehoorsaam ons roeping kan uitleef.**

***Die teken van die Here***

Die Here roep sy gelowige kinders en stuur hulle om hulle roeping in sy koninkryk te haan uitleef. Om hierdie roeping van ons gehoorsaam te gaan uitleef moet ons in die eerste plek weet wie die Here is. Wanneer die Here vir Moses stuur om die volk uit Egipte te verlos gee die Here heel eerste vir hom ‘n teken. Moses is vrees bevange vir die Farao, maar die Here bevestig dat Hy saam met die volk die Here op hierdie berg, dit is die berg Sinai sal dien. Alhoewel Moses dit nog nie nou sien nie kan hy op die Here vertrou, want Hy het sy beloftes bevestig

***Die openbaring van die Here***

Moses is nog nie seker dat hy sy roeping werklik sal kan deurvoer nie, daarom gee die Here vir hom nog meer sekerheid deurdat Hy aan hom openbaar wie Hy is. Die bekende “Ek is wat Ek is” openbaring word hier aan Moses meegedeel. Hiermee bevestig die Here dat Hy verhewe bo sy skepping is. Hy kan met niks gelyk gestel word nie. Hy is ook ‘n werklikheid wat getrou is aan al sy beloftes. Hierdie openbaring realiseer in die besonder in Jesus Christus wat die Seun van God en ons Verlosser en Saligmaker is.

***Die seën van die Here***

Die feit dat die Here Homself aan Moses en aan sy volk bekend maak bevestig weereens dat Hy aan hulle verbind is. Dit is sy wil en raad dat hulle in ‘n verbondsverhouding met Hom sal leef. dit is eindelik deur die roeping wat Moses moet gehoorsaam en uitvoer dat die Here se seën, nie net vir hom nie, maar ook vir die volk sal sigbaar word. As kerk van die Here sal ons ook onder sy seënende hand ons roeping kan uitleef omdat ons in Christus opnuut lewe.

**Aand diens**

**Sing:** Ps. 84:1,3; Ps. 86:1,6; Ps. 18:1,14.

**Lees:** Mark 12:28-34; Son 34

**Teks:** Mark 12:33; Son 34

**Tema: Die wet van die Here roep ons om  uit dankbaarheid God en ons naaste lief te hê.**

***Die inhoud van die wet.***

Nadat Jesus met die Sadduseërs in gesprek was oor die opstanding van die liggaam het ’n sekere wet geleerde na Hom gekom en hom gekonfronteer oor watter een van die gebooie staan eerste. Hier gaan dit nie net oor die eerste gebod nie, maar oor die belangrikheid van die gebooie. Wanneer ons egter in die Ou Testament na die wet van die kyk is dit duidelik dat die een gebod nie belangriker as die ander geag word, maar die hele wet is belangrik voor die Here. In ons dankbaarheidslewe moet ons weet dat die hele wet belangrik is.

***Die indeling van die wet.***

In die antwoord wat Jesus aan die wet geleerde gee haal hy  Deut. 6:4,5 aan waar die twee tafels van die wet opgesom word. Ons bely dit ook dat die wet ingedeel word in die eerste tafel wat bepaal hoe ons teenoor God moet optree en in die tweede tafel wat bepaal hoe ons teenoor ons naaste moet optree. Die eenheidsband wat hierdie twee tafels aanmekaar bind is die eis tot liefde. Met hierdie indeling van die wet sien ons die realiteit dat ons hele lewe deur die Tien Gebooie omvat word. Ons vanuit die liefde van God met die doel om God en ons naaste lief te hê.

***Die implikasie van die wet.***

Om uit dankbaarheid aan die wet van die Here gehoorsaam te wees beteken dat ons in liefde tot God en ons naaste leef. Die roeping tot liefde gaan egter oor meer as net ons optrede. Christus wys daarop die wetgeleerde dat hy nie ver van die koninkryk van God is nie. God se wet en sy regering is onlosmaaklik aan mekaar verbind en ons roeping om aan Hom gehoorsaam te wees wys daarop dat ons in dankbaarheid aan Hom onderwerp. Ons onderwerp ons aan Hom want Hy het ons eerste liefgehad.